16 MAART 2020
HERDERSBRIEF #3

Geliefde Gemeente,

Die voëls het nie opgehou sing nie, en ons het nie opgehou om die Here te loof en te prys nie.

Ek ervaar vrede en blydskap. Dit jubel in my binneste, want Jesus Christus – die Voleinder van ons geloof – word verheerlik en geopenbaar.

Ons behoud, is die feit dat Hy ons wapenrusting is waarmee ons beklee is. ***"Beklee julle met die Here Jesus Christus." (Rom. 13:14)***

Daar is 'n groot persentasie wat glo dat die wapenrusting as 'n aparte losstaande item is, wat ons denkbeeldig hanteer.

In werklikheid is Jesus Christus – in totaliteit – die volle wapenrusting van ons lewens: -

1) Die helmet van verlossing;
2) Die borswapen van geregtigheid;
3) Die skild van die geloof;
4) Die swaard van die gees;
5) Die gordel van waarheid;
6) Die skoene vir die bereidheid van die evangelie;
7) Gebed en smeking.
   ***(Ef. 6:14-18)***

Ons wandel nie soos die heidene nie. ***(Ef. 4:17)*** Dit wil sê: -

1) Ons is nie verduisterd in ons verstand nie.
2) Ons is nie vervreemd van die lewe van God nie.
3) Ons is nie onkundig nie.
4) Daar is by ons geen verharding van die hart nie.
5) Ons het die oue mens afgelê.
   ***(Ef. 4:18 & 22)***

EKD GENESIS SINCE 11 JANUARY 1984

15822 LYNN EAST 0039 SOUTH AFRICA
+27 12 543 0333
+27 12 567 7010
forum@ekdgenesis.com
www ekdgenesis.com
EKDGENESIS NPC PBO NR: 930056089 (ART.18)

Ons laat toe dat God in ons die nuwe mens skep. ***(Ef. 4:24)***

Om hierdie rede buig ons ons knieë voor die Vader van onse Here Jesus Christus. ***(Ef. 3:14)***

***"dat Hy aan julle mag gee na die rykdom van sy heerlikheid om met krag versterk te word deur sy Gees in die innerlike mens, sodat Christus deur die geloof in julle harte kan woon, julle wat in die liefde gewortel en gegrond is," (Ef. 3:16 & 17) "en die liefde van Christus te ken wat die kennis oortref, sodat julle vervul kan word tot al die volheid van God." (Ef. 3:19)***

Liefdegroete,

Ds. J.F. Landmann
Presiderende Leraar

EKD GENESIS SINCE 11 JANUARY 1984

15822 LYNN EAST 0039 SOUTH AFRICA
+27 12 543 0333
+27 12 567 7010
forum@ekdgenesis.com
www ekdgenesis.com
EKDGENESIS NPC PBO NR: 930056089 (ART.18)